APRIL 2021

# SONNIES FLITSE

*SONNEVELD AKADEMIE SE NUUSBLAD*



**Baie gees, hope pret en harte vol omgee by Sonneveld Akademie**

## ‘n Karaktervolle skool



Elke skool het sy eie karakter, tradisies, gewoontes, praktyke en simbole wat uniek is aan die skool. Sonneveld Akademie is geen uitsondering nie. Inteendeel Sonneveld Akademie is voorwaar ‘n karaktervolle skool…

Een van die mooi tradisies by Sonneveld Akademie is die jaarlikse viering van Vriendskapsweek in Februarie. Gedurende hierdie week word daar vir ons leerders talle geleenthede geskep om saam met hulle maats pret te kan hê. Daar word elke dag volgens ‘n spesifieke tema aangetrek en lekker gelag. So bied die skool vir ons leerders die geleentheid om vriendskapsbande te versterk. Die boodskap van liefde vir ons naaste word op ‘n prettige manier uitgedra en ons leerders se sosiale vaardighede word ontwikkel. Die Sonnies neem elke jaar geesdriftig deel aan hierdie aktiwiteite.

By Sonneveld Akademie gebeur daar egter ook baie meer as net pret en plesier. Sonneveld Akademie se eiesoortige karakter is ‘n mengsel van verskeie goeddeurdagte praktyke en beginsels. Daar word ‘n baie hoë premie geplaas op ons roeping om ons kinders op te voed om verantwoordelik, selfstandig en gebalanseerd te wees.

Elke kind word erken as lid van ons Sonnies-familie. Ons leerders se individualiteit word gekoester. Ons leerders word opgevoed deur onderwysers wat omgee. Die skool se huislike atmosfeer, klein klasgroepe en betrokke ouers maak van Sonneveld Akademie ‘n tuiste.

In hierdie skool voel kinders geborge en veilig. Hulle kan hul skooldae geniet. In die proses word daar ‘n goeie fondament gelê vir hulle latere lewe. By Sonneveld Akademie kry kinders die kans om gelukkig en gebalanseerd te ontwikkel tot hulle volle, unieke potensiaal. Elke kind se akademiese vordering, sosiale ontwikkeling, morele vorming en geestelike groei is ons prioriteit.

Sonneveld Akademie is trots op elke Sonnie. Ons is ook trots om te kan getuig dat ons sonder twyfel …

**kinders met karakter help kweek!**




**Chané Els, Anzel Parsons en Sunique Butler (bo) wys tydens Vriendskapsweek dat die graad 11’s baie gees het.**



**Ruan Binneman (bo) lyk soos sy gunsteling nagereg.**

**Simoné O’Neill (regs) is ‘n pragtige, pienk bolletjie spookasem.**



## *Boodskap van ons skoolhoof…*

Op 1 Februarie 2021 verwelkom ons al ons Sonnie leerders terug by die skool met gemengde gevoelens in ons harte. Baie bly dat die skool uiteindelik oopmaak vir 2021, maar ook met bekommernisse en onsekerhede oor wat die nuwe kwartaal en skooljaar vir ons gaan inhou. Klastyd het reeds verlore gegaan en die COVID-19 spook wil ons maar net nie in vrede laat nie.

Vandag staan ons aan die einde van die eerste kwartaal en kyk terug oor 'n baie suksesvolle kwartaal. Weereens kom die gedagte op dat ons as mens dikwels wik en weeg en ons oor dinge bekommer, maar God bly in beheer. Sou ons vir 'n oomblik stilstaan en terugkyk oor hierdie pad, merk ons op dat Sy warm liefde en omgee duidelik uitgemerk lê, soos 'n vars voetspoor in die sand, op die pad geloop. Dit is in hierdie blommetuin waar elke Sonnie groei en sy of haar bloeiseltjie kom dra. My hart klop warm as ek elke Sonnie-blommetjie, so mooi sien groei tot eer van ons Vader. Daar was pragtige geleenthede, waarvan u onder andere in hierdie publikasie gaan lees, waarby Sonnies hulleself ten volle uitgeleef het. Soms was dit selfs moeilik om te glo dat ons steeds te midde van 'n COVID-19 jaar is. Ons kinders het voltyds begin skoolgaan, hulself uitgeleef op verskeie terreine en pragtig presteer.

Mens kan nie anders as om met dankbare harte en in nederigheid opgewonde te voel oor die res van hierdie skooljaar nie. As die eerste kwartaal dan die bloudruk vir die res van die jaar gaan wees, sien ons almal met groot verwagtinge uit na die tweede kwartaal. Natuurlik gaan Sonnies ook 'n formele eksamen skryf gedurende die tweede kwartaal. Alhoewel publieke skole besluit het om dit nie te doen nie, het ons wel besluit om daarmee voort te gaan. Dit sal ons leerders ook formeel blootstel aan eksamenskryf in voorloop tot die finale eksamen aan die einde van die jaar.

Ek wil graag my diepste dank en waardering aan ons onderwysers oordra. U het saam met ons leerders positief en toegewyd gewerk gedurende 'n buitengewone kwartaal. U harde werk het ewigheidswaarde waar ons in die voetspore van Jesus loop. Natuurlik, ook baie dankie aan elke Sonnie! Julle is die strale van ons son en die rede waarom ons hier is!

Ten slotte sal ek my plig versaak indien ek nie aan Juffrou Marilette en haar spannetjie ons gelukwense oordra vir 'n prag uitgawe. Baie dankie julle!

Seënwense van huis tot huis.

Steven Weber



**Bo: Sonneveld Akademie se skoolhoof, Meneer Weber**




**Bo: Sonneveld Akademie se hoofleiers vir 2021. Lees die berig op bladsy 4 oor die leiers.**









## ***BOODSKAP VAN DIE HOOFSEUN***

NATHAN EVANS

Ek wil graag begin deur dankie te sê aan elkeen wat tot dusver betrokke was by my "reis" as hoofseun van Sonneveld Akademie. Ek het nooit gedink dat ek in so 'n kort tyd, so baie sou kon leer nie. Ek wil ook die geleentheid aangryp deur erkenning te gee aan my Hemelse Vader wat my tot dusver deur alle struikelblokke gedra het.

Ek wil dan met my medeskoliere praat. Die eerste kwartaal van 2021 is alreeds verby. Skokkend, is dit nie? Ek weet dat dit vir sommige van ons moeilik was om aan die gang te kom na die lekker lang vakansie. Ek weet, want ek was een van julle. Tog het die kwartaal aangestap en aangegaan… met of sonder jou. Ek wil graag met die praat wat agtergelaat voel, verlore voel of gedemotiveerd voel. Ek wil net vir julle sê dat dit nog nie te laat is om in te haal nie.

**Bo: Nathan Evans, hoofseun (hoërskool), 2021**

**Nathan se raad as die skoolwerk jou oorweldig:**

Sonnies, daar ís nog tyd om dinge reg te maak. Ons kan nooit tyd terugdraai nie, maar ons kan die beste maak van die tyd wat ons het.

Gryp elke oomblik aan en moenie meer van jou kosbare tyd deur jou vingers laat glip nie. Tyd wat verby is en kanse wat verspeel is, kan nooit weer teruggekry word nie.

# Vir 'n dag in iemand anders se skoene – Sonnies vier "*NATIONAL LOOK ALIKE DAG*" op 20 April

Links: Die matrieks gryp die geleentheid aan om vir een dag in iemand anders se skoene te staan.

Nathan Evans as Tom Cruise, Barend Henning as sy gunsteling F1-renjaer en Stefan van der Walt as Ryan Reynolds.




Regs: Die twee marsmanne is broers, Eben en Iwan Botha.






Links is Kiaan Bezuidenhout as SpongeBob en regs hou Kelly Engelbrecht haar lyf Sandy van Grease.



Klein Klarabel Jordaan (links onder) is Katy Perry en Cloë Varden (regs onder) is Harley Quin.








Bo is Zeldine Dekker en Clarissa du Toit (tweeling) en onder is Ruan Binneman en Ryan Steward (tweeling).






Stefni Binneman (links bo) en haar ma, Suzette Binneman (regs bo) het vir die dag rolle omgeruil en het ons almal twee keer laat kyk!

Jaime Lynch (regs) is Britney Spears vir die dag.



# ONS LEIERS

**GERALDINE DURANDT**

Sonneveld Akademie het in Oktober 2020 die leiers vir 2021 aangekondig. Die inhuldiging van die leiers asook die aankondiging van die hoofleiers het eers in Februarie 2021 plaasgevind.

Die hoërskool se hoofleiers is Nathan Evans (hoofseun) en Stefni Binneman (hoofdogter). Die laerskool se hoofleiers is Zetske van Niekerk (hoofdogter) en CJ Theologo (hoofseun).

Die ander leiers is:
**Hoërskool**: Sonique Butler, Gabriella Durandt, Migell Fisch, Renaldo Lochner, Anzel Parsons en Magdil Venter.
**Laerskool**: Saskia Beirowski, Mieke Botha, Stiaan Clarke, Rika Oosthuizen en Inge Venter.

Na hulle suksesvolle gemeenskapsdiensprojek (sien berig hier langsaan) sien ons uit na die res van die jaar. Julle het die jaar beslis op 'n hoë noot afgeskop.



**Leierskap** is **die** eienskap om **visie** in *werklikheid* te verander

★ ★ ★







## *Sonnies wys hul omgee-harte*

NATHAN EVANS

Die leiers het in kwartaal 1 'n pragtige liefdadigsheidprojek van stapel gestuur.

Die Sonnies-gemeenskap het behoorlik hulle harte oopgemaak en komberse, warm klere, blikkieskos, toiletware en speelgoed geskenk. Dit het die leiers in staat gestel om ruim skenkings by twee kinderhuise (**Jabes** en **Mother's Nest**) en by die **Frank Mynhardt Ouetehuis** te kon gaan aflewer.



Baie dankie aan elke gesin wat iets bygedra het.

Sonneveld Akademie hoop om sommer vinnig weer so te maak.

**Onder: Juffrou Letitia Smit en die leiers lewer die Sonnies se skenking af.**









# UITBLINKERS MAAK DIE SONNIES TROTS

Sonneveld Akademie se leerders slaan asems weg met uitsonderlike talent!




**LEANÉ VILJOEN**

Sonneveld Akademie is baie trots op 'n hele handvol uitblinkers!

Daar word graag aan ons toppresteerders erkenning gegee deur hulle op ons uitblinkersbord te plaas. Dit is voorwaar 'n eer om hierdie spogbord te haal.

Ons eerste 12 leerders is op grond van hulle prestasies in **2020** soos volg aangewys:

- **Dreyton Botha** – Graad 1: Kwalifiseer om deel te neem aan Groter Brakpan byeenkoms en behaal 3de plek in beide 60m en 80m (Victor Ludorum Jnr. : Sport 2020).
- **Kaylee Deetlefts** – Graad 2: Victrix Ludorum Kultuur : Fase R – 3 (2020) Behaal uitstekende prestasies vir haar deelname aan verskeie kunswedstryde
- **Ineldi Els** – Graad 2: Victrix Ludorum: Akademie – Fase 1 – 3 (2020)
- **Nathan Lues** – Graad 3: Was 1 van 5 deelnemers regoor Suid-Afrika wat gekies is om gedigte te skryf vir die Allegretto Eisteddfod -"Informal English Poetry" sillabus vir 2021. Victor Ludorum Kultuur : Fase R – 3 (2020).
- **Luca-Leigh Nieuwoudt** – Graad 4: Speel een van die sewe dwergies in teater vertoning. Ontvang provinsiale kleure vir sang. Deelgeneem aan oudisies vir Checkers se "Little Garden" advertensie, maar ongelukkig nie gekry nie. Victrix Ludorum Kultuur/Akademie: Fase 4 – 6 (2020)
- **Kaylin Moller** – Graad 7: Jnr. Sonnevelder van 2020, Laerskool Hoofdogter 2020
- **Leandi Oelofse** – Graad 7: Deelname aan verskeie perdrykompetisies.Deelname aan SANESA Allegretto, Ambassadeur vir 2021; Nommer twee in Suid-Afrika vir fotografie in 2020; Victrix Ludorum Junior - Sport 2020
- **Chenélle Dietrechsen** – Graad 8: Victrix Ludorum Akademie – Fase 7 – 9 (2020), Laerskool Hoofdogter 2019
- **Juliana Du Plessis** – Graad 8: Dring deur na die Nasionale rondte van "South African Championships of Performing Arts" met 6 items. Sy het ook verskeie ander prestasies met haar sang behaal in 2020.
- **Leané Viljoen** – Graad 9: Is 1 van 5 deelnemers regoor Suid-Afrika wat gekies is om gedigte te skryf vir die Allegretto Eisteddfod – "Informal English Poetry" sillabus vir 2021. Laerskool Hoofdogter 2018; Victrix Ludorum Kultuur: Fase 7 – 9 (2020).
- **Nicole Stears** – Graad 9 – Het aan Talent Africa se Nasionale kompetisie vir dans en sang deelgeneem en is vir beide afdelings gekies vir die Nasionale span om in 2021 by die internasionale kompetisie deel te gaan neem.
- **Nathan Evans** – Graad 11 – Mnr. Tiener Suid – Afrika 2020 – Leier 2020 Senior, Sonnevelder van 2020, Victor Ludorum: Akademie – Fase 10 – 12 (2020)
- Die skool kan nie wag om te sien wat hierdie talentvolle leerders volgende gaan bereik nie! Ons oë is op julle!

## INLEIDING TOT HOëRSKOOL

JARIN DATNOW

Welkom by Sonneveld se eie OEFENKAMP – ook bekend as ONTGROENING. Die tema vir die jaar is *TOY STORY* en die klein Sonneveldertjies het 'n paar "takies" gehad om te doen.


Hulle moes die groenste blaartjie aan die ánderkant van die veld gaan soek en selfs bedel vir *sweets en dates*.
Daar is van hulle verwag om intelligente gesprekke met die bome te voer en om krete te skreeu tot die bure kla.

Daar is gelag en gehuil, gegrap en gehuil en geoefen en nog harder gehuil. Die ontgroening het dalk wel bietjie later gekom, maar ek is seker geen graad 8 sal dit gou vergeet nie!

Baie welkom in die hoërskool graad 8's!













**Foto's: Graad 8 pret op sy beste!**

---

## *Polisie waarsku teen sosiale media en ander gevare*

GERALDINE DURANDT
ROELIEN DU PLOOY
MELISSA MAFFINI

Een doodgewone Vrydagmiddag het die polisie Sonneveld Akademie besoek en 'n baie ernstige gesprek met ons tieners kom voer. Skielik het die dag nie meer so gewoon gelyk nie! Ons was op die punte van ons stoele.

Daar is reguit gepraat oor die gevare van sosiale media. Die polisie was baie vriendelik, maar het geen doekies omgedraai nie. Die boodskap was duidelik: beskerm jouself! Moenie met vreemde mense op sosiale media kommunikeer nie, moet nêrens heen gaan sonder om vir jou huismense presies te sê waarheen jy gaan nie, wees wakker en wees versigtig.

Dit was uiters insiggewend en interessant. Die wrede realiteit het ons hare laat rys.

Baie dankie vir die openhartige gesprek, Lt Kol JP van der Schyff, Kaptein C Avenant, Kaptein L Govender en Kaptein C Joubert.



**Bo en onder: Die polisie se ernstige gesprek met die seuns en dogters apart (Gr. 7-12).**



## Landboubestuur by Sonneveld



Vanaf 2021 bied Sonneveld Akademie **Landboubestuur** vanaf Graad 10 as keusevak aan.

Dit is 'n baie interessante vak. Met hierdie vak poog Sonneveld Akademie om seuns (en dogters) bekend te stel aan die praktyk van Landboubestuur. Sonneveld Akademie glo dat ons land jongmense nodig het wat hulle plek kan volstaan in die boerdery- en breër landboubedryf.
Ons wens Meneer Willem baie sterkte toe met die uitrol van hierdie waardevolle nuwe vak.

# Covid-19 kan nie liefde stop nie





STEFNI BINNEMAN

Ons geliefde graad 3 juffrou, Anneke Strydom, het vanjaar op Saterdag, 27 Februarie 2021 getrou. Sy is nou juffrou Anneke Swart. Te midde van Covid-19 en al die regulasies was daar ‘n hele paar onsekere oomblikke oor wanneer presies die troue sou plaasvind. Gaste is goed ingelig ook alle moontlike opsies en het seker gemaak dat hulle beskikbaar sal wees vir hierdie besondere gebeurtenis. Niks of niemand kon die liefde stop nie - nie eers Covid-19 nie!

Juffrou Anneke het soos ‘n feëprinsess gelyk terwyl sy die kerk binnegestap het. Sy het gestraal. Dit was duidelik dat sy uitgesien het na die begin van ‘n nuwe opwindende lewe saam met haar man en liefde van haar lewe, Armand Swart. Die saal was pragtig en kleurvol met ‘n pers tema versier en die kos was uit die boonste rakke. Almal het gekuier, gelag en gedans. Dit was werklikwaar ‘n aand van heerlike feesvieringe, geluk en liefde.

Graag wens ons Sonnies vir Juffrou Anneke ‘n lang en gelukkige huwelik toe!




# BAIE WELKOM!

**Juffrou Elmine Steenkamp** en **Juffrou Carina Joubert** is twee splinternuwe juffrouens wat in 2021 by Sonneveld Akademie aangesluit het. Ons is so bevoorreg om hierdie juffrouens by ons te verwelkom. Ons hoop dit sal ‘n baie aangename werkservaring vir die twee juffrouens wees. Sterkte met u groot taak!




Die kwartaal is op ‘n groot hoogtepunt afgesluit. Die Sonnies het hulle gate uit geniet by Wi:Jump. Daar is getuimel, gerol, gespring en gewip. Dit was nou net die regte manier om die vakansie af te skop!










**Alle foto’s is geneem deur Stefni van Starz Shots. Baie dankie!**

Skakel vir Stefni vir besprekings en navrae: 0634487525 / 0613460394



ONS TALENTVOLLE LEERDERS...

*Gebroke hart*

*-Lizandri Agenbach* (Graad 9)



*Jy staar jouself in die spieël*
*en vind 'n gebroke siel*
*'n hart met seer...*
*'n gebroke hart.*

*In die tyd van seer staar jy op*
*en wonder: "Hoekom ek?"*
*My hart was heel en nou's hy-*
*'n gebroke hart.*

*'n Hart bly nie vir altyd heel nie.*
*Soms moet 'n heel hart*
*'n gebroke hart word -*
*om homself weer te vind...*

*'n gebroke hart.*



Die Sonnies gehoorsaam steeds die Covid-19-reëls. Hulle dra hulle maskers en sorg dat die nodige sosiale afstand gehandhaaf word. Hou so aan, Sonnies!

**Interessante feite**

## Wie sou dit nou kon raai?

**NICOLE STEARS**

**1) Die Statue of Liberty is gemaak van koper en het in 1920 na heeltemal groen verkleur as gevolg van oksidasie.**

**2) Tohru Iwantani, videospeletjie-ontwerper, het verduidelik dat 'n pizza met een gesnyde sny die inspirasie vir PacMan was.**

**3) 'n Blou walvis se hart is so groot soos 'n klein motortjie en jy kan dit van twee kilometer ver af hoor klop.**

**4) Een weerligstraal het genoeg energie om 100 000 snye brood te rooster.**

**5) Die grootste piramide ter wêreld is nie in Egipte nie, maar in Puebla, Mexiko**

**6) Die suksesvolste seerower van alle tye was 'n vrou met die naam Ching Shih.**



**WYS JOU NET... ons almal kan iets leer!**